

3 ~ DIE GRIEKSE MANUSKRIP VAN DIE KINDHEIDSEVANGELIE VAN TOMAS IN KODEKS SINAÏTIKUS (GR 453) VERTAAL IN AFRIKAANS

Titulus

Τὰ παιδικὰ μεγαλεῖα τοῦ δεσπότου ἡμῶν καὶ σωτῆρος Ἰησοῦ Χριστοῦ.

Die grootse kindheidsgeskiedenis van ons heerser en verlosser Jesus Christus.¹

Hoofstuk 1

I. 'Αναγκαῖον ἡγησάμην ἐγὼ Θωμᾶς Ἰσραηλίτης γνωρίσαι πᾶσιν τοῖς ἐξ ἑθνῶν ἀδελφοῖς ὅσα ἐποιησεν ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς ὁ Χριστὸς γεννηθεὶς ἐν τῇ χώρᾳ ἡμῶν Βηθλεὲμ κώμῃ Ναζαρέτ. ὃν ἡ ἀρχή ἔστιν αὕτη.

Ek, Tomas die Israeliet, het geoordeel dat dit nodig is om aan al die broers wat woon te midde van die heidene,² bekend te maak wat ons Here Jesus, die Christus gedoen het toe hy in ons land in Bethlehem, in die dorp Nasaret gebore is. Die begin daarvan is soos volg:

¹ Die titel kom nie in een van die Griekse manuskripte voor nie, insluitende *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453). De Santos Otero (1967:37-38) het op grond van sy rekonstruksie van die tiende-eeuse Griekse *Vorlage* van die Slawiese vertaling (kyk Hock 1995:84-85) die volgende titel as waarskynlik die “oorspronklike” gereken: “Die kindheidsgeskiedenis (παιδικὰ) van ons Here Jesus Christus”. Constantin Tischendorf ([1851] 1854:140) het in sy *Evangelia Apocrypha* die titel “Evangelium Thomae” gebruik om na die Griekse weergawe van die *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) – wat hy in die St Catherine’s Monastery in die Sinaïwoestyn gevind het – te verwys. J Thilo (1832:275) het in sy *Codex Apocryphus Novi Testamenti* die titel “Evangelium Thomae Israelitae” gebruik.

² Die Griekse uitdrukking ἐξ ἑθνῶν word nie vertolk asof die lezers, wat as “broers” aangespreek word, van heidense oorsprong is nie, maar wel dat hulle soos die addresant “Israeliete” is wat hulle te midde van “heidene” bevind.

Hoofstuk 2

II. 1 Τὸ παιδίον Ἰησοῦς πενταέτην ἦν καὶ βροχῆς γεναμένης ἐπαιζεν ἐπὶ διάβασιν ρύακος. καὶ ταράσσοντα ὕδατα τὰ ρυπαρὰ ὅντα συνήγαγεν εἰς λάκκους. καὶ ἐποίει αὐτὰ καθαρὰ καὶ ἐνάρετα τῇ καταστάσει λόγου μόνου καὶ οὐκ ἐργῷ ἐπιτάξας αὐτοῖς.

Toe hierdie kindjie Jesus vyf jaar oud was, het hy, nadat dit gereën het, by 'n drif van 'n spruit gespeel. En hy het die lopende waters, wat vuil was, in poele afgekeer. En hy het dit onmiddellik helder en waardevol laat word – en die agtergrond hiervan is³ dat hy dit met behulp van sy woord alleen en nie bevelend met 'n daad gedoen nie.

2 Εἶτα ἄρας ἐκ τῆς ὕλεως πηλὸν τρυφερὸν ἐπλασεν ἐξ αὐτοῦ στρουθία ἱβ. ἦν δὲ σάββατον ὅτε ταῦτα ἐποίει καὶ πολλὰ παιδία ἦσαν σὺν αὐτῷ.

En nadat hy sagte klei vanuit die modder geneem het, het hy twaalf mossies daaruit gemaak. En dit was 'n sabbatdag toe hy dit gemaak het en daar was baie ander kinders saam met hom.

3 Ἰδὼν δέ τις Ἰουδαῖος τὸ παιδίον Ἰησοῦν μετὰ τῶν ἀλλῶν παιδίων ταῦτα ποιοῦντα, πορευθεὶς πρὸς Ἰωσὴφ τὸν πατέρα αὐτοῦ διέβαλεν τὸ παιδίον Ἰησοῦν λέγων· ὅτι σάββατον πηλὸν ἐποίησεν ὁ οὐκ ἔξεστιν καὶ ἐπλασεν στρουθία ἱβ.

Toe 'n sekere Judeër hierdie dinge gesien het wat die kind Jesus saam met die ander kinders gedoen het, het hy na sy pa Josef gegaan en oor die kind Jesus valslik die volgende vertel: "Hy het klei op die sabbatdag gemaak wat nie geoorloof is nie en het twaalf mossies gemaak."

³ Die partisipiale konstruksie van die woord ἐπιτάξας word geïnterpreteer as *agtergondskildering* en as sodanig vertaal. Black (2004:124) verduidelik hierdie gebruik van die partisipium soos volg: "The participle of attendant circumstance ... is used both to introduce a new action and to focus attention on the main verb. In this construction the tense of the participle is usually aorist, as is the tense of main verb"

4 Καὶ ἐλθὼν Ἰωσὴφ ἐπετιμᾶς αὐτὸν λέγων· διὰ τί τὸ σάββατον ταῦτα ποιεῖς; ὁ δὲ Ἰησοῦς συγκροτήσας τὰς χεῖρας μετὰ φωνῆς ἐπιτάξαντα ὅρνεα ἐνώπιον πάντων. καὶ εἶπεν· ὑπάγετε, πετάσθητε ὡς ζῶντες. τὰ δὲ στρουθία πετάσθεντες ἀπῆλθαν κεκραγότα.

En Josef het gekom en hom berispe deur te sê: “waarom het jy hierdie dinge op die sabbatdag gedoen?” Maar Jesus, nadat hy (sy) hande geklap het, het met ’n geskreeu in almal se teenwoordigheid beveel en gesê: “weg, vlieg soos lewendes!” Nadat die mossies uitgesprei het, het hulle tjirpend weggevlieg.

5 Ἱδὼν δὲ ὁ φαρισαῖος ἐθαύμασεν καὶ ἀπήγγειλεν πᾶσιν τοῖς φίλοις αὐτοῦ.

Toe die Fariseër dit sien, was hy verbaas en alles aan sy vriende gaan vertel.

Hoofstuk 3

III. 1 Ὁ δὲ σὺ ὁ ”Αννα τοῦ ἀρχιερέως λέγει αὐτῷ· τί ποιεῖς οὕτως ἐν σαββάτῳ; καὶ λαβὼν κλωνὸν ἵτεας κατέστρεψεν τοὺς λάκκους καὶ ἐξέχεεν τὸ ὄνδωρ ὅνπερ συνήγαγεν ὁ Ἰησοῦς. καὶ τοὺς συναγωγὰς αὐτῶν ἐξήρανεν.

En die seun van Annas, die hoëpriester, het vir hom gesê: “waarom maak jy só op die sabbatdag? En nadat hy ’n tak van ’n wilgerboom geneem het, het hy die poele stukkend gemaak en die water wat Jesus bymekaar gebring het, uiteen laat gaan. En hy het hulle versamelings laat opdroog.

2 Ἱδὼν δὲ ὁ Ἰησοῦς τὸ γεγονὸς εἶπεν αὐτῷ· Ἄριζος ὁ καρπός σου καὶ ξηρὸς ὁ βλάστος σου ὡς κλάδος ἐκκομιζόμενος ἐν πνεύματι βιαίῳ. 3 Καὶ εὐθέως ὁ παῖς ἐκεῖνος ἐξηράνθη.

Toe Jesus sien wat gebeur het, het hy vir hom gesê: “jou vrug (sal wees) sonder wortel en jou spruit verdroog soos ’n tak wat deur ’n sterk wind afgebreek is. En die kind het dadelik verdroog.⁴

Hoofstuk 4

IV. 1 Ἐκεῖθεν πορεύομενου αὐτοῦ μετὰ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ Ἰωσὴφ καὶ τρέχων ἐκεῖνος ἐρράγη εἰς τὸν ὄμον αὐτοῦ. καὶ λέγει αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς· ἐπικατάρατός σοι ὁ ἡγεμών σου. καὶ εὐθέως ἀπέθανεν. καὶ εὐθὺς ὁ λαὸς ἐβόησαν ἴδοντες ὅτι ἀπέθανεν. καὶ εἶπαν· πόθεν τὸ παιδίον τοῦτο ἐγεννήθη ὅτι τὸ ρῆμα αὐτοῦ ἔργον ἐστίν;

Terwyl hy self vandaar saam met sy pa Josef (weg)gegaan het, het iemand⁵ wat aan die hardloop was, teen sy skouer gestamp. En Jesus het vir hom gesê: “Vir jou is vervloek hy wat jou regeer.”⁶ En dadelik het hy gesterf. En meteen het die skare wat gesien het dat hy gesterf het, uitgeskreeu en gesê: “Waar is hierdie kindjie verwek⁷ dat sy woord daad word?”

2 Οἱ δὲ γονεῖς τοῦ ἀποθάνοντος παιδίου θεασάμενοι τὸ γεγονός, Ἰωσὴφ τὸν πατέρα αὐτοῦ ἐμέμφοντο λέγοντες· ὅτεν τὸ παιδίον τοῦτο ἔχων οὐ δύνασαι οἴκειν μεθ’ ἡμῶν ἐν τῇ κώμῃ ταύτῃ. εἰ θέλεις εἶναι ἐνταῦθα δίδαξον αὐτὸν εὐλογεῖν καὶ μὴ καταράσθαι. τὸ γὰρ παιδίον ἡμῶν ἐστερήθημεν.

⁴ Kyk voetnotas 38 en 39 in hoofstuk 2 van hierdie studie vir die uitgebreide variante lesing in die Griekse weergawe van die *KindEvTom* in *Kodeks Atheniensis* [Cod Ath Gr 355] 3:2-3.

⁵ Alle ander beskikbare variante Griekse teksgesuities (onder andere *Kodeks Sinaiitikus* [Gr 532], *Kodeks Bologna* [Univ 2702] en *Kodeks Atheniensis* [Gr 355]) sê dat dit ’n *kindje* was (*παιδίόν*) wat teen Jesus vas gehardloop het, terwyl die *Kodeks Sinaiitikus* [Gr 453] die lesing bevat met alleen ’n demonstratiewe onpersoonlike voornaamwoord, “daardie hardlopende persoon” (*τρέχων ἐκεῖνος*), wat hierbo vertaal is as “iemand”.

⁶ Die uitdrukking ὁ ἡγεμών σου verwys klaarblyklik na die anatomiese deel van die liggaam wat die lewe beheer. Alle ander Griekse teksgesuities lees Οὐκ ἀπελεύσει τὴν ὄδόν σου, bedoelende “Jy sal nie verder gaan nie!”

⁷ Die bedoeling van die vraag is waarskynlik om vas te stel vanwaar die “oorsprong” van die kindjie is, dit wil sê wie sy pa is. So byvoorbeeld lees ons in Seneca (*Apocolocyntosis* 5.19) dat die vergoddelikte Augustus (*diuus Augustus* – Sen, *Apocolocyntosis* 10.1) uit ergenis vir keiser Claudius in Grieks vra: “Who are you and from where? From what town are you and who are your parents?” (*τίς πόθεν εἰς ἀνδρῶν, πιε πόλις εἰς ἐδε τοκεες;*) (Sen, *Apocolocyntosis* 5.19) (kyk Eden 1984:73).

Maar toe die ouers van die dooie kindjie die ding sien wat gebeur het, het hulle sy pa Josef verwyt deur te sê: “Noudat jy hierdie kindjie het, kan jy nie saam met ons in hierdie dorpie woon nie. As jy wens om hier te wil wees, leer hom om te seën en nie te vervloek nie. Want die kindjie neem van ons weg.

Hoofstuk 5⁸

V. 1 Καὶ λέγει τῷ Ἰησοῦ ὁ Ἰωσῆφ· ἵνα τί τοιαῦτα λάλεις; καὶ πάσχουσιν αὐτοὶ καὶ μισοῦσιν ἡμᾶς. καὶ εἶπεν τὸ παιδίον τῷ Ἰωσῆφ· φρόνιμα ρήματά σου ἐγνώσθησαν· πόθεν ἦν τὰ ρήματά σου οὐκ ἀγνοεῖς· ἐπὶ πέντε διηγήθησαν. κἀκεῖνα οὐκ ἀναστήσοντες καὶ οὗτοι ἀπολήψονται τὴν κόλασιν αὐτῶν. καὶ εὐθέως οἱ ἐγκαλοῦντες αὐτὸν ἐτυφλώθησαν.

En Josef sê vir Jesus: Waarom sê jy sulke dinge? Hulle kry sowel swaar as haat ons. En die kindjie het vir Josef gesê: Wyse woorde is bekend aan jou. Jy is nie oningelig oor vanwaar jou woorde gekom het nie. Hulle is oor 'n vyfjarige vertel. En diegene wat nie (hierdie kindjie wat gesterf het) kan opwek nie, sal ook hulle straf ontvang. En onmiddellik het hulle wat hom beskuldig het, blind geword.

2 Ὁ δὲ Ἰωσὴφ ἐπελάβετο τοῦ ὥτιου αὐτοῦ καὶ ἔτιλεν σφόδρα.

En Josef het hom aan sy oor beetgekry en hard gepluk.

3 Ὁ δὲ Ἰησοῦς εἶπεν αὐτῷ· ἀρκείτο σοι τὸ ζητεῖν με καὶ εύρίσκειν μή, πρὸς τοῦτο καὶ μὴ λυπίζειν. φυσικὴν ἄγνοιαν ἐπιλαβόμενος καὶ οὐκ εἶδες μετὰ φῶς τί σου είμι. ἴδε, οἶδας μὴ λυπεῖν με. σὸς γάρ είμι. καὶ πρός σε ἔχειρώθην.

En Jesus het vir hom gesê: “Dit is vir u genoeg om my te soek en my nie te vind nie, maar moenie hieroor bedroef wees nie. Terwyl u 'n vanselfprekende onkunde het, u sien nie saam met die lig dat ek uit u kom nie. Kyk, u weet nie hoe om my te bedroef nie. Want ek is u s'n en ek is aan u uitgelewer.”

⁸ Kyk bespreking van *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 5:1-3 in hoofstuk 2 van hierdie studie.

Hoofstuk 6⁹

VI.1 Καθηγητὴς δέ, οὗ τὸ ὄνομα Ζακχαῖος, ἐστὰς ἀκουόσας τοῦ Ἰησοῦ ταῦτα λέγοντος πρὸς τὸν πατέρα αὐτοῦ Ἰωσὴφ ἐθαύμασεν σφόδρα.

En 'n leermeester, wat die naam Saggeus het, staande daar, horende hierdie dinge wat Jesus vir sy pa Josef sê, was baie verbaas.

2 Καὶ εἶπεν τῷ Ἰωσὴφ· δεῦρο, δὸς αὐτό, ἀδελφέ, ἵνα παιδευθῇ γράμματα καὶ ἵνα γνῶ πᾶσαν ἐπιστήμην καὶ μάθῃ στέργειν ἡλικιῶτας, καὶ τιμᾶν γῆρας καὶ ἥδεσθαι πρεσβυτέρους, ἵνα καὶ εἰς τέκνα πόθον κτήσεσθαι ἔξειν ὁμοίως αὐτὰ ἀνταπαιδεύσῃ.

En hy het vir Josef gesê: “Kom, gee hom [vir my], broer, sodat ek hom letters [die alfabet] kan leer en hy alle kennis kan hê en kan leer om die tydgenote lief te hê en bejaardes te eer en vir oudstes te respekteer. En met die doel dat hy weer hulle kan leer om 'n begeerte te ontwikkel om op dieselfde wyse ten opsigte van kinders (te wees).

3 Ὁ δὲ Ἰωσὴφ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· καὶ τίς δύναται τὸ παιδίον τοῦτο κρατῆσαι καὶ παιδεῦσαι; αὐτὸ μὴ μικροῦ ἄνθρωπον εἶναι νομίσης, ἀδελφέ. ὁ δὲ καθηγητὴς εἶπεν· δός μοι αὐτό, ἀδελφέ, καὶ μή σοι μελέτω.

En Josef het vir die leermeester gesê: “En wie is in staat om hierdie kindjie te beheer en te leer? Oor hóm moet jy nie dink as iemand wat minder as 'n mens is nie nie, broer!” Maar die leermeester het gesê: “Gee hom vir my, en laat hy nie vir jou sorge veroorsaak nie.

4 Τὸ δὲ παιδίον Ἰησοῦς ἐμβλέψας αὐτοῖς εἶπεν τῷ καθηγητῇ τοῦτον τὸν λόγον· καθηγητὴς ὃν εὐφυῶς ἐξῆλθες καὶ τὸ ὄνομα ὃ ὄνομάζει ἀλλότριος τυγχάνεις. ἔξωθεν γάρ εἰμι ύμῶν. ἐνδοθεν δὲ ύμῖν δι' αὐτὴν σαρκικὴν εὐγενίαν ὑπάρχων. σὺ δὲ νομικὸς ὃν, τὸν νόμον οὐκ οἶδες. πρὸς δὲ τὸν Ἰωσὴφ λέγει·

⁹ Kyk bespreking van *KindEvTom, Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) 6:1-3 in hoofstuk 2 van hierdie studie.

ὅτε ἐγεννήσω ὡν ἐγώ σοι παρειστήκειν ἵνα, πάτερ, παιδευθῆς παιδείαν παρ’ ἐμοῦ ἦν ἄλλος οὐκ οἶδεν ούδε διδάξαι δύναται. καὶ τὸ σωτηρίον ὄνομα βαστάσεις.

En die kindjie Jesus het die leermeester direk in die gesig gekyk en hierdie woord gesê: “**Synde ’n leermeester het jy slim uitgedraai, maar die naam waarmee hy [jou] benoem, maak van jou ’n vreemdeling. Immers, ek is van buite jou maar is binne-in jou op grond van hierdie edele liggaam wat ek besit. En jy wat ’n kenner van die wet is, jy ken nie die wet nie.**” En vir Josef sê hy: “**Toe u gebore is, was ek en het langs u vir u bestaan, sodat, vader, u van my onderrig sal ontvang wat niemand anders ken of sal kan leer nie. En u sal die naam ‘verlossing’ dra.**”

5 Ἀνεβόησαν δὲ Ἰουδαῖοι μέγα καὶ εἰπαν αὐτῷ· ὡς καὶ οὐκ καὶ παράδοξου θαῦματος. τάχα πενταετὶς ἦν τὸ παιδίον, καὶ ὡς ποίᾳ φθέγγεται ρήματα· τοιούτους λόγους οὐδέποτε οἶδαμεν, οὐδένος εἰρηκότος, οὐδὲ νομοδιδασκάλου, οὐδὲ φαρισαίου τινὸς ὡς τοῦ παιδίου τούτου.

En die Judeërs het hard uitgeroep en vir hom gesê: “**O, wat ’n nuwe en ongelooflike wonder! Waarskynlik is die kindjie [maar net] vyf jaar oud en, o, watter woorde spreek hy nie uit nie! Hierdie woorde het ons nog nooit geken nie; niemand het [dit] ooit gesê behalwe hierdie kindjie nie – nóg ’n leermeester van die wet, nóg ’n Fariseër!**”¹⁰

6 Ἀπεκρίθη αὐτοῖς τὸ παιδίον καὶ εἶπεν· τί θαυμάζετε; μᾶλλον δὲ τί ἀπιστεῖτε ἐφ’ οὓς εἶπον ὑμῖν ἀληθῶς ἐστιν· ὅτε ἐγεννήθητε ὑμεῖς καὶ οἱ πατέρες ἡμῶν καὶ οἱ πατέρες τῶν πατέρων ὑμῶν, οἵδια ἀκριβῶς καὶ ὁ πρῶτον κόσμον κτισθείσ.

En die kindjie antwoord hulle en sê: “**Waaroor is julle verbaas? Julle is eerder hieroor ongelowig, oor dat wat ek vir julle gesê het, die waarheid is. Toe julle**

¹⁰ Die variasie in die verskillende vertalings oor wie die “antagoniste” is, plaas *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) se beklemtoning dat Jesus se opponente ’n “leermeester van die wet en Fariseér” is, in bepaalde reliëf. Die Siriese vertaling het “priesters en leermeesters”; die Georgiaanse vertaling “oudstes”; die Ethiopiese vertaling “profete” en die *Evangelie van Pseudo-Matteus* “Fariseërs en skrifgeleerde”.

gebore is – en ons vaders en die vaders van julle vaders – het ek en hy wat voor die kosmos geskape is, noukeurig [reeds] geweet.”

7 Ἐκούσαντες δὲ πᾶς ὁ λαὸς ἐφιμώθησαν, λαλῆσαι μηκέτι δυνηθέντες πρὸς αὐτόν. προσελθῶν δὲ αὐτοῖς ἐσκιρτᾷ καὶ ἔλεγεν· ἐπαιζον πρὸς ὑμᾶς ἐπειδὴ οἶδα μικροθαύμαστοί ἐστε καὶ τοῖς φρονίμοις ὄλιγοι.

Die hele skare wat [hom] gehoor het, was sprakeloos omdat hulle nie in staat was om langer [iets] vir hom te sê nie. Maar Jesus wat hulle genader het, het teenoor hulle uitgevaar en gesê: “Ek het saam met julle gespeel want ek het geweet dat julle deur nietige dinge beïndruk word en beperk in denke is.”

8 Ὡς οὖν ἔδοξαν παρηγορεῖσθαι ἐπὶ τῇ παρακλήσει τοῦ παιδίου, ὁ καθηγητὴς εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· δεῦρο, ἄγαγε αὐτὸς εἰς τὸ παιδευτήριον κἀγὼ διδάξω αὐτὸς γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσὴφ ἐπιλαβόμενος τῆς χειρὸς αὐτοῦ ἀπήγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον. καὶ ὁ διδάσκαλος κολακεύσας αὐτὸν ἤγαγεν αὐτὸν εἰς τὸ διδασκαλεῖον. καὶ ἔγραψεν αὐτῷ ὁ Ζακχαῖος τὸν ἀλφάβητον καὶ ἤρξατο ἐπιστοιχίζειν αὐτῷ. καὶ λέγει τῷ αὐτῷ γράμμα πλεονάκις. τὸ δὲ παιδίον οὐκ ἀπεκρίνατο αὐτῷ. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτὸς εἰς τὴν κεφαλήν. τὸ δὲ παιδίον ἤγανάκτησεν καὶ εἶπεν αὐτῷ· ἐγώ σε θέλω παιδεύσαι μᾶλλον ἢ παιδευθῆναι παρά σου. ἐπειδὴ οἶδα τὰ γράμματα ἃ συ διδάσκεις ἀκριβῶς πολλοὺς κρειττωτέρους σου. καὶ ταῦτα ἐμοὶ εἰσιν ὥσπερ χαλκὸς ἡχῶν ἢ κύμβαλος ἀλαλάζον· ἅτινα οὐ παρίστησι τὴν φωνὴν ἢ τὴν δόξαν οὔτε τὴν δύναμιν τῆς συνέσεως.

Toe dit lyk asof hulle deur die kindjie se verduideliking getroos is, het die leermeester vir sy pa gesê: “Kom, bring hom in na my skool toe en ek hom [die] alfabet¹¹ leer.” En Josef wat [hom] by sy hand gevat het, het hom na die skool weggelei. En die leermeester, wat hom mooi behandel het, het hom in die plek van onderrig¹² ingeneem. En Saggeus het vir hom die alfabet neergeskryf en begin om vir hom die [letters se betekenisse] oop te maak. En hy vir hom ’n letter

¹¹ Dit wil sê, om hom te leer lees en skryf.

¹² Twee verskillende woorde word vir “skool” gebruik, naamlik τὸ παιδευτήριον en τὸ διδασκαλεῖον.

oor en oor herhaal. Maar die kindjie het hom nie geantwoord nie. Die geïrriteerde leermeester het hom oor die kop geslaan. En die kindjie het kwaad geword¹³ en vir hom gesê: “Ek wil eerder [jou] onderrig gee as om van jou onderrig te ontvang. Want ek ken die letters wat jy [vir my] leer, baie meer noukeurig as jy. En vir my is hierdie dinge soos ’n slanende klok of weergalmende simbaal wat nie óf ’n geluid óf verheerliking óf die vermoë van insig verteenwoordig nie.”

9 Παυσάμενον δὲ τῆς ὄργῆς τὸ παιδίον εἶπεν ἀφ' ἑαυτοῦ τὰ γράμματα πάντα ἀπὸ τοῦ ἄλφα ἔως τοῦ Ω μετὰ πολλῆς ἐξετάσεως καὶ τρανῶς. ἐμβλέψας τῷ καθηγητῇ εἶπεν αὐτῷ· ἄλφα μὴ εἰδὼς τὸ κατὰ φύσιν, τὸ βῆτα πῶς διδάσκεις ἄλλον; ὑποκριτά, εἰ οἶδας πρῶτον δίδαξόν με τὸ ἄλφα καὶ τότε σοι πιστεύσω λέγειν τὸ βῆτα. εἴτα ἥρξατο ἀποστοματίζειν τὸν διδάσκαλον περὶ τοῦ ἄστοιχείου. καὶ οὐκ ἴσχυσεν αὐτῷ εἰπεῖν.

Toe die kindjie opgehou het om kwaad te wees, het hy van uit homself al die letters vanaf Alfa tot Omega met groot noukeurigheid en duidelikheid opgesê. En terwyl hy vir die leermeester Saggeus reguit in die gesig gekyk het, het hy vir hom gesê: “Jy, wat die Alfa nie na dié se natuur ken nie, hoe kan jy ’n ander die Beta leer? Huigelaar, as jy die eerste weet, leer [dan] die Alfa. En dan sal ek jou met betrekking tot die Beta glo.” Daarna het hy begin om die leermeester ten opsigte van die eerste letter te ondervra, en hy was nie by magte om hom te antwoord nie.

10 Ἀκουόντων δὲ πολλῶν λέγει τῷ καθηγητῇ· ἄκουε, διδάσκαλε, καὶ νόει τὴν τοῦ πρώτου στοιχείου τάξιν. καὶ πρόσθιες ὡδε πῶς ἔχει κανόνας ὁξοὺς καὶ χαρακτῆρας μέσων οὓς ὄρας ὁξυομένους, διαβαίνοντας, συναγομένους, ἐξέρποντας, ἀφελκομένους, ὑψουμένους, χορεύοντας, βεληφορούτας, τρισήμους, διστόμους, ὅμοσχήμους, ὅμοπολεῖς, ὅμογενεῖς· ἐπαρτικούς, ζυγοστάτας, ισομέτρους, ισομόρους κανόνας ἔχων τὸ ἄλφα.

¹³ Hierdie negatiewe reaksie van Jesus kom nie in die vertaalde weergawes voor nie.

Terwyl baie [mense]hoor, sê hy vir die leermeester: “Hoor, leermeester¹⁴ die ordening [= vorm] van die eerste beginsel en let vervolgens op hoe dat dit lyne het en 'n middelpunt wat jy sien gemeenskaplik weerskante toe strek; [lyne] wat saamgaan, opgaan, in die rondte gaan, drie tekens, verwant, ten dienste van mekaar [= lyne in gelyke mate = die Alfa het lyne van gelyke mate]. Daarna kry jy die Alfa.”¹⁵

Hoofstuk 7

VII. 1 Ἀκούσας δὲ ὁ καθηγητὴς τὴν τοιαύτην προσηγορίαν, τοὺς τοιούτους κανόνας τοῦ πρώτου γράμματος, εἰρηκότος τοῦ Ἰησοῦ, ἡπορήθη ἐπὶ τὴν τοιαύτην διδασκαλίαν καὶ ἀπολογίαν αὐτοῦ. καὶ εἰπεν ὁ καθηγητής· οἵμοι, οἵμοι, ἡπορήθην ὁ ταλαίπωρος ἐγώ, ἐμαυτὸν αἰσχύνην παρέσχον ἐπικατασπασάμενος.

En toe die leermeester Jesus so 'n toespraak oor sulke prinsipes van die eerste letter hoor sê, was hy radeloos oor so 'n onderrig en apologie van hom. En die leermeester het gesê: “Weë, weë my, ek die ellendige is verward¹⁶ want ek het skande¹⁷ oor myself gebring toe ek [die kindjie] nader gebring het.”

2 Τὸ παιδίον τοῦτο ἀρον ἀπ' ἐμοῦ, ἀδελφέ. οὐ γὰρ φέρω τὸ αὐστηρὸν τοῦ βλέμματος αὐτοῦ, οὐδὲ τὸν τρανὸν τὸν λόγον αὐτοῦ. ἀπλῶς τὸ παιδίον

¹⁴ Twee verskillende Griekse woorde (eersgenoemde in die datief en laasgenoemde as vokatief) word vir “leermeester” gebruik, naamlik καθηγητῆ en διδάσκαλε.

¹⁵ Die vertaling van die beskrywing van die letter in die Grieks is problematies. Verskeie teksvariasies word voorgestel om sover as moontlik 'n sinvolle vertaling moontlik te maak (vgl Hofmann 1851:222-223; Meyer 1904b:138). Die bedoeling van die weergawe in die Griekse manuskrip in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453) is myns insiens betroubaar weergegee in die “verwerking” in *KindEvTom*, *Kodeks Bologna* (Univ 2702) (kyk weer opmerkings oor hierdie verkorte twaalf hoofstukke weergawe in hoofstuk 2). My vertaling hierbo is na aanleiding van hierdie “geredigeerde” Griekse teks: Εἴτα καὶ αὐθις λέγει· ἄκουσον, διδάσκαλε, τὴν τάξιν τοῦ πρώτου στοιχείου τάξιν, καὶ πρόσχες ὥδε πῶς ἔχει κανόνας καὶ μεσαχαρακτήρας, οὓς ὅρᾶς ξυνοὺς διαβαίνοντας, συναγομενούς, ύψουμενούς, χορεύοντας, βαλεφεγγούντας, τρισημους, ὄμογενεῖς, ὑπάρπουχους ζυγοστάτας, ἰσομέτρους κανόνας ἔχει τὸ Α.

¹⁶ Die ander Griekse manuskripte bevat ook hierdie reaksie van die leermeester.

¹⁷ Terwyl die Griekse manuskripte dieselfde verwysings bevat, is dit opvallend dat die vertalings die verwysing na die “skande” van die leermeester verander: die Siriese vertaling lees “moeilikheid”, die Georgiaanse vertaling lees “hierdie ding”, en die Ethiopiese laat dit weg.

τοῦτο γηγενῆς οὐκ ἔστιν καὶ τοῦτο δύναται καὶ τὸ πῦρ δαμάσαι. τάχα τοῦτο τὸ παιδίον πρὸ τῆς κοσμοποιίας ἦν. ποία γαστὴρ τοῦτο ἐγέννησε ἢ ποία μήτρα ἐξέθρεψεν, ἐγὼ ἀγνοῶ. οἷμοι, ἀδελφέ, ἐξηχεῖ με, οὐ παρακολουθῶ τῇ διανοίᾳ μου. ἡ πάτησα ἐμαυτόν, ὁ τρισάθλιος ἐγώ· ἡγούμην ἔχειν μαθητήν, καὶ εὑρέθην ἔχων διδάσκαλον.

“Neem hierdie kindjie weg van my, broer, want ek kan die strengheid van sy blik nie verdra nie en ook nie die helderheid van sy woord nie.¹⁸ Hierdie kindjie is gladnie op hierdie plek gebore nie en hy kan selfs vuur tem. Miskien was hierdie kindjie al daar voor die geskape wêreld. Wat van ’n moederskoot het aan hom geboorte gegee of watter soort moeder het [hom] gevoed. Ek weet nie! Weë my, broer, hy maak van my ’n idioot. Ek sal my verstand nie kan volg nie. Ek het myself gekul, ék driemaal ellendige! Ek het gedink om ’n leerling te kry en ek is met ’n leermeester bevind.”

3 Ἐνθυμοῦμαι, φίλοι, τὴν αἰσχύνην μου ὅτι γέρων ὑπάρχω καὶ ὑπὸ παιδίου νενίκημαι. καὶ ἔχω ἔκκεισαι καὶ ἀποθανεῖν ἢ φυγεῖν τῆς κώμης ταύτης διὰ τὸ παιδίον τοῦτο. οὐ δύναμαι γάρ, οὐκ ἔστι ὄραθηναι εἰς ὅψιν πάντων μάλιστα τῶν ἰδόντων ὅτι ἐνικήθην ὑπὸ παιδίου πάνυ μικροῦ. τί δὲ ἔχω εἰπεῖν ἢ διηγήσασθαί τινι περὶ ὃν προέθηκέν μοι κανόνας τοῦ πρώτου στοιχείου; ἀληθῶς ἀγνοῶ, φίλοι· οὔτε γὰρ ἀρχὴν οὐδὲ τέλος ἐπίσταμαι.

Vriende, ek peins oor my skande, want ek is ’n ou man en is deur ’n kindjie oorwin. En ék moet uitgewerp word en doodgaan, of ek moet van hierdie dorpie vlug as gevolg van híér die kindjie. Ek kan nie, want dit is nie moontlik om in die sig te verskyn van veral almal wat gesien het dat ek deur ’n baie klein kindjie oorwin is nie. Wat het ek om iets oor die beginsels van die eerste letter wat aan my voorgelê is, te vertel? Waarlik vriende, ek weet nie. Want ek verstaan nie die begin of einde [daarvan] nie.

¹⁸ Weer eens, terwyl die ander Griekse manuskripte die lesing in *Kodeks Sinaïtikus* (Gr 453) ondersteun, verswyg die vertalings die opmerking dat die leermeester “nou eenmaal nie nog sy woord wil hoor, nog kan verstaan nie” (my vertaling van die teks in *KindEvTom, Kodeks Atheniensis* [Gr 355]: οὐδὲ τὸν λόγον αὐτοῦ ἀκούσαι ἄπαξ ἢ νοῆσαι).

4 Τοιγαροῦν, ἀδελφὲ Ἰωσῆφ, ὑπαγε αὐτὸ μετὰ σωτηρίας εἰς τὸν οἶκόν σου. τοῦτο γὰρ τὸ παιδίον τί ποτε μέγα ἐστίν, ἡ θεός, ἡ ἄγγελος, ἡ τί εἴπω οὐκ οἶδα.

Daarom, broer Josef, neem hom weg met verlossing na jou huis toe, want die kindjie is een of ander iets groots: óf 'n god óf 'n engel óf wat ek moet sê, weet ek nie.

Hoofstuk 8

VIII. 1 Τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἐγέλασεν καὶ εἶπεν· νῦν καρποφορείτωσαν τὰ ἄκαρπα καὶ βλεπέτωσαν οἱ τυφλοὶ καὶ φρονέτωσαν οἱ ἀσοφοὶ τῇ καρδίᾳ ὅτι ἐγὼ ἀνωθεν πάρειμι ἵνα τοὺς κάτω ρύσωμαι καὶ εἰς τὰ ἀνω καλέσω, καθὼς διεστείλατό με ὁ ἀποστείλας με πρὸς ὑμᾶς.

Die kindjie Jesus het gelag en gesê: Nou, laat die onvrugbare vrug dra en die blindes sien en die wat dwaas in die hart is, insig verkry. Want ek is van bo sodat ek diegene van onder kan red en na bo kan roep, soos die Een wat my na julle gestuur het, beveel het.

2 Καὶ εὐθὲώς ἐσώθησαν πάντες ὑπὸ τὰς κατάρας αὐτοῦ πεπτωκότες καὶ οὐδεὶς ἐτόλμα παροργίσαι αὐτὸν ἀπὸ τότε.

En onmiddellik is almal wat slagoffers van sy vervloeking was, gered en niemand het gewaag om hom van toe af kwaad te maak nie.

Hoofstuk 9

IX.1 Πάλιν δὲ μεθ' ἡμέρας πολλάς ἔπαιζεν ὁ Ἰησοῦς μετὰ καὶ ἐτέρων παιδίων ἐν τινι δώματι ὑπερῷῳ. ἐν δὲ τῶν παιδίων πεσὼν ἀπέθανεν. ἴδοντες δὲ τὰ ἄλλα παιδία ἀπῆλθον εἰς τοὺς οἴκους αὐτῶν. κατέλιπον δὲ τὸν Ἰησοῦν μόνον.

En weer, na baie dae, was Jesus besig om te speel op die dak van 'n sekere huis saam met ook ander kinders. Maar een van die kinders wat (af)geval het, het gesterf. Die ander kinders wat dit gesien het, het na hulle huise weggegaan en vir Jesus alleen agtergelaat.

2 Καὶ ἐλθόντες οἱ γονεῖς τοῦ τεθνηκότος παιδίου ἐνεκάλουν τῷ Ἰησοῦ λέγοντες. σὺ κατέβαλες τὸ παιδίον ἡμῶν. ὁ δὲ Ἰησοῦς εἶπεν· ἐγὼ οὐ κατέβαλον αὐτό.

En die ouers van die kindjie wat dood is, het gekom en vir Jesus verkwalik deur te sê: “Jy het ons kindjie afgestamp.” Maar Jesus het gesê: “Ek het hom nie afgestamp nie.”

3 Ἐκείνων δὲ ἐμμαινομένων καὶ κραζόντων κατέβη Ἰησοῦς ἀπὸ τοῦ στέγου καὶ ἦστη παρὰ τὸ πτῶμα καὶ ἔκραξεν φωνῇ μεγάλῃ λέγων· Ζῆνον, Ζῆνον— τοῦτο γὰρ τὸ ὄνομα αὐτοῦ—, ἀνάστα καὶ εἰπέ εἰ ἐγώ σε ατέβαλον. καὶ ἀναστὰς εἶπε· οὐχί, κύριε. καὶ ἴδοντες ἐθαύμασαν. καὶ λέγει αὐτῷ πάλιν ὁ Ἰησοῦς· καὶ κοιμοῦ. καὶ οἱ γονεῖς τοῦ παιδίου ἐδόξασαν τὸν Θεὸν καὶ προσεκύνησαν τὸ παιδίον Ἰησοῦν.

En terwyl daardie mense skel en skreeu, het Jesus van die dak afgeklim¹⁹ en langs die lyk gaan staan en met 'n harde stem uitgeroep en gesê: “Zeno, Zeno – want dit was sy naam – staan op²⁰ en sê of ek jou afgestamp het.” En nadat hy opgestaan het, het hy gesê: “Nee, Here.”²¹ En toe hulle [dit] sien, was hulle verbaas. En Jesus het weer vir hom gesê: “En slaap.” En die ouers van die kindjie het God geprys en die kindjie Jesus aanbid.

¹⁹ *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) lees “afgespring” (κατεπήδησεν). Die Ethiopiese vertaling het in plaas van dat Jesus van die dak afgeklim/afgespring het, vertaal: “Jesus het na die graf [van die dooie kindjie] gegaan” (Chartrand-Burke, “Text and Translation”, nota 113).

²⁰ Die vroeë vertalings bevat nie die imperatif om “op te staan” nie.

²¹ Die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Bologna* (Univ 2702) lees respektiewelik: “nee, Here, u het my nie neergegooi nie maar opgewek” (οὐχί, κύριε, οὐ κατέβαλας ἀλλὰ ἀνέστησας) en (“Here, u het my nie afgestamp nie, maar vir my wat dood was, lewendig gemaak” (κύριε, οὐ σύ με κατέβαλας, ἀλλὰ νεκρὸν ὄντα με ἐζώωσας).

Hoofstuk 10

X. 1 Ἡν δὲ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ὡς ἐτῶν ἑπτὰ καὶ ἐπέμφθη ὑπὸ τῆς μητρὸς αὐτοῦ Μαρίας γεμίσαι ὕδωρ. ἐν δὲ τῇ ὕδριᾳ ἦν ὁ ὄχλος πολύς κρουσθεῖσα ἥ κάλπῃ ἀπέρραγεν.

Die kindjie Jesus was ongeveer sewe jaar oud²² en is gestuur deur sy moeder Maria om water [in 'n kruik] te vul. Maar daar was 'n groot skare by die watersisterne. Nadat dit [teen die skare] gestamp is, het die kruik gebreek.

2 Ὁ δὲ Ἰησοῦς ἀπλώσας τὸ παλίον ὃν βεβλημένος, ἐγέμισεν τὸ ὕδωρ καὶ ἤνεγκεν τῇ μητρὶ αὐτοῦ. Μαρία δὲ ἴδουσα ὃ ἐποίησεν σημεῖον ὁ Ἰησοῦς κατεφίλει αὐτὸν λέγουσα· κύριε ὁ Θεός μου εὐλόγησον τὸ τέκνον μου. ἐφόβουντο γὰρ μή τις αὐτὸ βασκάνῃ.

En nadat Jesus die bokleed wat hy om hom gehang het, oopgesprei het, het hy dit met die water gevul en na sy moeder gebring. Maria wat die teken²³ wat Jesus laat gebeur het, gesien het, het hom gesoen en gesê: “Here, my God, seën my kind,” want sy was bang dat iemand op hom die bose oog sal goo.

²² Die weergawe in die Ierse gedig (*MS G 50*) sê ook dat Jesus sewe jaar oud was, terwyl al die ander Griekse manuskripte asook die *Evangelie van Pseudo-Matteus* Jesus as ses jaar oud aandui. In die Koptiese teks, die *Apokryphon van Jeremia* (kyk Kuhn 1970:95-135, 291-350) word 'n soortgelyke verhaal van die jong Esra in Babilonië vertel. In hierdie verhaal word ook Esra deur 'n leermeester vereer en word die Lukaanse woorde (2:51 e v) oor Jesus ook ten opsigte van Esra gesê: hy het daagliks in kennis en statuur gegroeи. Die leermeester lewer oor Esra die Moses-tipe uitspraak dat Esra die volk van God uit gevangenskap sal bevry: Josefus, *Ant* 2.210-211: “hy [Moses] sal die Hebreeuse nasie vanuit hulle gevangenskap in Egipte red”; “My [Miriam se] moeder sal geboorte gee aan 'n seun [Moses] wat Israel sal red” (*Meg* 14.2) (kyk Jastrow 1975:601). Hierdie tipe uitsprake het wyd in eerste-eeuse Palestynse kringe voorgekom (kyk Van Aarde 2004a).

²³ Die “Johannese” woord “teken” (σημεῖον) kom net hier voor in *KindEvTom*, *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 453), is heeltemal afwesig in die vroeë vertalings, maar talryk in die Griekse manuskripte in *Kodeks Atheniensis* [Gr 355] en in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532) (vgl ook voetnota 3 in hoofstuk 2 van hierdie studie).

Hoofstuk 11

XI. 1 Ἐν δὲ τῷ καιρῷ τοῦ σπόρου σπείροντος τοῦ Ἰωσὴφ ἐσπειρεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς ἐνα κόρον σίτου.

Toe Josef op 'n [ander] keer saad gesaai het, het ook die kindjie Jesus een maat saad gesaai.²⁴

2 Καὶ ἐθέρισεν ὁ πατὴρ αὐτοῦ κόρους ἔτεις εγάλους. καὶ ἔχαρισατο πτωχοῖς καὶ ὀρφανοῖς. ἦρεν δὲ ὁ Ἰωσὴφ ἀπὸ τοῦ σπόρου τοῦ Ἰησοῦ.

En sy vader het 100 groot maat ge-oes. En hy het dit vir die armes en die vaderlose kinders gegee. En Josef het van Jesus se koring gevat.

Hoofstuk 12

XII. 1 Ἔγενετο δὲ ὡς ἐτῶν ὀκτώ. καὶ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ τέκτονος ὄντος καὶ εργαζομένου ἄροτρα καὶ ζυγούς, ἐλαβεν κράββατον παρά τινος πλουσίου ἵνα αὐτὸν ποιήσῃ μέγαν πάνον καὶ ἐπιτήδειον. καὶ τοῦ ἐνὸς κανόνος τοῦ καλουμένου κολοβωτέρου ὄντος καὶ, μὴ ἔχοντος τὸ μέτρον, ἦν λυποῦμενος ὁ Ἰωσὴφ καὶ μὴ ἔχων τί ποιῆσαι. προσέλθων τὸ παιδίον τῷ πατρὶ αὐτοῦ λέγει· θὲς κάτω τὰ δύο ξύλα καὶ ἐκ τοῦ σου μέρους ἰσοποίησον αὐτά.

En hy was ongeveer agt jaar oud. En sy vader wat 'n houtwerker was en ploeë en jukke gemaak het, het 'n bed van 'n sekere ryk man geneem om vir hom 'n groot en gesikte slaapbank te maak. En toe die een reguit plank korter was as die so genoemde korresponderende een, omdat dit nie die (regte) lengte gehad het nie, was Josef mismoedig en het nie geweet wat om te doen nie. Nadat die kindjie na

²⁴ Die verskille in die verskillende weergawes dra nie by tot die nadere identifisering van die tyd, plek en doel van die skrywe van die *KindEvTom* nie, byvoorbeeld in die Griekse manuskripte word vermeld dat toe Jesus sy maat saad gesaai het, hy saam met sy Pa uitgegaan het (ἐξῆλθεν μετὰ τοῦ πατρὸς αὐτοῦ – *Kodeks Atheniensis* [Gr 355]. Die Siriese vertaling, weer, sê dat Jesus “gespeel” het toe sy Pa saad gesaai het.

sy Pa gekom het, sê hy [vir hom]: “Sit die twee planke neer en maak dit op die middelpunt gelyk.”

2 Καὶ ἐποίησεν ὁ Ἰωσὴφ καθὼς εἶπεν αὐτῷ ὁ Ἰησοῦς. ἔστη δὲ τὸ παιδίον ἐκ τοῦ ἑτέρου μέρους καὶ ἐκράτησεν τὸ κολοβὸν ξύλου, καὶ ἐξέτεινεν αὐτό. καὶ ἵσον ἐποίησεν μετὰ τοῦ ἄλλου ξύλου. καὶ εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ· μὴ λυποῦ ἀλλὰ ποίει ὁ θέλεις. ὁ δε Ἰωσὴφ περιλαβὼν κατεφίλει αὐτὸν λέγων· μακάριός εἰμι ἐγώ, ὅτι τοῦτον παιδίον ἔδωκέν μοι ὁ Θεός.

En Josef het gedoen soos Jesus vir hom gesê het. Die kindjie het by die ander punt gaan staan en die korter plank stewig vasgevat, en hy het dit gerek. En hy het [dit] gelyk met die ander plank gemaak. En hy het vir sy Pa gesê: “Moenie mismoedig wees nie, maar doen wat u wil.” En Josef het hom omhels en gesoen en gesê: “Geseënd is ek, want God het hierdie kindjie vir my gegee.”

Hoofstuk 13

1 Ἰδὼν δὲ Ἰωσὴφ τὸ φρόνημα καὶ νουνεχὲς αὐτοῦ ἡβούλει μὴ εἶναι αὐτὸ ἄπορον γραμμάτων ἀλλὰ παρέδωκεν αὐτὸν ἕτερον διδάσκαλον. καὶ ὁ διδάσκαλος γράψας αὐτοῦ τὸν ἀλφάβητον ἔλεγεν· εἰπέ, ἄλφα.

Toe Josef sy verstand en insig gesien het, wou hy nie hê dat hy onbekend met die alfabet moet wees nie, maar hom na 'n ander leermeester aangegee. En die leermeester wat vir hom die alfabet neergeskryf het, sê: “Sê alfa.”

2 Τὸ δὲ παιδίον λέγει· σύ μοι πρῶτον εἰπὲ τί ἔστιν τὸ βῆτα κάγω συ ἐρῶ τί ἔστιν τὸ ἄλφα. πικρανθεὶς δὲ ὁ καθηγητὴς ἔκρουσεν αὐτό. καὶ κατηράσατο αὐτὸν ὁ Ἰησοῦς καὶ ἔπεσεν ὁ καθηγητὴς καὶ ἀπέθανεν.

Maar die kindjie het gesê: “Sê jy eers vir my wat is die beta en ek sal jou vertel wat die alfa is.” En die leermeester, wat hom vererg het, het hom [op sy kop] geslaan. En Jesus het hom vervloek en die leermeester het gevallen en gesterven.

3 Καὶ τὸ παιδίον ἀπῆλθεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ πρὸς τοὺς γονεῖς αὐτοῦ. καὶ Ἰωσὴφ καλέσας τὴν ματέρα αὐτοῦ παρήγγειλε αὐτῇ· μὴ ἀπολύσῃ αὐτὸν ἀπὸ τῆς οἰκίας ἵνα μὴ ἀποθνήσκωσιν οἱ παροργίζοντες αὐτόν.

En die kindjie het na sy huis na sy ouers gegaan. En Josef, wat sy moeder geroep het, het haar beveel: “Moenie hom uit die huis laat gaan, sodat hulle wat hom kwaad maak, nie sterf nie.”

Hoofstuk 14

XIV. **1** Καὶ μεθ' ἡμέρας τινὰς πάλιν ἔτερος καθηγητής εἶπεν τῷ πατρὶ αὐτοῦ Ἰωσὴφ· δεῦρο, ἀδελφέ, δός μοι αὐτὸν εἰς τὸ παιδευτήριον ἵνα μετὰ κολακείας δυνήσωμαι αὐτὸν διδάξαι γράμματα. ὁ δὲ Ἰωσὴφ εἶπεν αὐτῷ· εἰ θαρρεῖς, ἀδελφέ, ἄγαγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας. καὶ ὁ διδάσκαλος λαβόμενος τὸ παιδίον ἐκ τῆς χειρὸς ἀπήγαγεν μετὰ φόβου καὶ ἀγῶνος πολλοῦ. τὸ δὲ παιδίον ἡδέως ἐπορεύετο.

En na sekere aantal dae het 'n ander leermeester vir sy pa Josef gesê: “Kom, broer, gee hom vir my in my skool sodat ek met vleiery hom die alfabet kan leer.” En Josef het vir hom gesê: “As jy die moed het, broer, vat hom met redding.”²⁵ En die leermeester het die kindjie aan die hand weggelei met baie vrees en stryd. Maar die kindjie het soet saamgeloop.²⁶

2 Καὶ εἰσελθὼν ἐν τῷ διδασκαλείῳ, εὗρεν βιβλίον ἐν τῷ ἀναλογίῳ κείμενον, καὶ λαβὼν αὐτὸν οὐκ ἀνεγίνωσκεν τὰ γεγράμμενα διὰ τὸ μὴ εἶναι αὐτὰ ἐκ νόμου Θεοῦ ἀλλὰ ἀνοίξας τὸ στόμα αὐτοῦ ἐπεφθέγξατο ρήματα φοβερὰ ὥστε τὸν καθηγητὴν ἀντικρυσ καθιζόμενον ἡδέως πάντα ἤκουει αὐτῷ καὶ παρεκάλει αὐτὸν ἵνα πλείονα εἴπῃ, τὸ δὲ παρεστῶτα ὄχλον ἐκπληττέσθαι ἐν τοῖς ὄσίοις ρήμασιν αὐτοῦ.

²⁵ Die uitdrukking “met redding” (μετὰ σωτηρίας) het die “soteriologiese” implikasie dat Jesus vir die leermeester verlossing kan meebring, indien die leermeester insig in die identiteit van Jesus as kind-god sou hê.

²⁶ Jesus tree onafhanklik van Josef op, hoewel die positiewe houding van Josef duidelik in die agtergrond aanwesig is.

En nadat hy die skool binnegegaan het, het hy 'n boekrol gekry wat op die kateder gelê het. En toe hy dit geneem het, het hy nie die letters gelees nie omdat dit nie van die wet van God was nie. Maar hy het sy mond oopgemaak en verskriklike woorde uitgespreek met die gevolg dat die leermeester wat teenoor [hom] gesit het, met vreugde alles gehoor en hom aangemoedig het om meer te sê. Die skare wat teenwoordig was, was verbaas oor sy heilige woorde.

3 Ὁ δὲ Ἰωσὴφ ταχέως ἔδραμεν εἰς τὸ διδασκαλεῖον ὑπονόησας μηκέτι οὕτος ὁ καθηγητὴς ἄπειρος ἐστιν καὶ πάθῃ. εἰπεν δὲ ὁ καθηγητὴς τῷ Ἰωσήφ· ἵνα ἴδας,²⁷ ἀδελφέ, ὅτι ἐγὼ μὲν τὸ παιδίον σου παρέλαβον μαθητήν, αὐτὸ πολλῆς χάριτος καὶ σοφίας μεστόν ἐστιν. τοιγαροῦν, ἀδελφέ, ἀπάγε αὐτὸν μετὰ σωτηρίας καὶ εἰς [τὸν] οἶκόν σου.

En Josef het dadelik na die skool gehardloop, menende dat hiérdie leermeester nie ervare is nie en sal ly. Maar die leermeester het vir Josef gesê: “Weet broer, ek het jou kindjie as leerling ontvang, [maar] hy is vol van groot genade en wysheid. En daarom, broer, neem hom met redding na jou huis toe.”

4 Ὁ δὲ εἶπεν τῷ καθηγητῇ· ἐπειδὴ ὄρθως ἐλάλησας καὶ ὄρθως ἐμαρτύρησας, διά σε καὶ ὁ πληγεὶς σωθήσεται. καὶ παραχρῆμα ἐσώθη κακεῖνος ὁ καθηγητής. ὁ δὲ λαβόμενος τὸ παιδίον ἀπήγαγεν εἰς τὸν οἶκον αὐτοῦ.

En hy het vir die leermeester gesê: “Aangesien jy reg gepraat en reg getuig het, sal ook die ander een wat getref is, ter wille van jou gered word. En dadelik is ook daardie leermeester gered. En nadat hy [Josef] die kindjie geneem het, het hy [hom] na sy huis weggeneem.

Hoofstuk 15

²⁷ Ek interpreteer die grammatale frase ἵνα ἴδας as 'n "inhoudelike subjunktief" (kyk Black 2004:99; vgl nota 4 in die onderhawige hoofstuk in Black se boek).

XV. 1 Ὁ δὲ Ἰάκωβος ἀπήγαγεν εἰς τὴν ἄπην τοῦ δῆσαι φρύγανα ᾧνα ἄρτοι γίνωνται. ἀπήγεν καὶ ὁ Ἰησοῦς μετ' αὐτοῦ. καὶ συλλεγόντων αὐτῶν τὰ φρύγανα ἔχιδνα παλαμναῖα ἔδακεν τὸν Ἰάκωβον εἰς τὴν χεῖραν αὐτοῦ.

**En Jakobus het in die bos ingegaan om hout te bind, sodat hulle brood kan bak.
Jesus het ook met hom saamgegaan. En terwyl hulle takke bymekaar gemaak
het, het 'n misbaksel van 'n adder vir Jakobus in sy hand gepik.**

2 Κατατεινομένου δὲ αὐτοῦ καὶ ἀπολλυμένου προέδραμεν τὸ παιδίον Ἰάκωβος πρὸς τὸν Ἰησοῦν καὶ κατεφύσησεν τὸ δῆγμα καὶ παραχρῆμα ἵσθη τὸ δῆγμα. καὶ τὸ θηρίον ἀπενεκρώθη καὶ Ἰάκωβος ἐστάθη.

En, terwyl hy pyn verduur en sterwend was, het die kindjie Jakobus na Jesus gehardloop en hy het op die bytplek geblaas en dadelik was die byt genees. En die slang is vernietig en Jakobus het opgestaan.

Hoofstuk 16

XVI. 1 Πάλιν σχίζοντος ξύλα ἐν ἵσῳ νεωτέρου τινός, καὶ ἔσχισεν τὴν βάσιν τοῦ ποδὸς αὐτοῦ καὶ ἔξαιμος γενόμενος ἀπέθνησκεν.

Weer,²⁸ toe 'n sekere jonkman hout in gelyke dele gesplits het, het hy sy voetsool oopgekloof en hy het as gevolg van bloedverlies gesterf.

²⁸ Hierdie episode is redaksioneel op 'n ander plek in die ander Griekse manuskripte geplaas. In die weergawes in *Kodeks Atheniensis* (Gr 355) en *Kodeks Sinaiticus* (Gr 453) volg dit na hoofstuk nege, dit wil sê as hoofstuk 10, en in *Kodeks Bologna* (Univ 2702) is dit hoofstuk agt. Die lesing in *KindEvTom*, *Kodeks Atheniensis* (Gr 355), sien soos volg daaruit:

X 1 Μετ’ ὀλίγας ἡμέρας ξύλα σχίζων τις νεώτερος ἐν γειτονίᾳ τούτου ἐπεσεν ἡ ἀξίνη καὶ ἔσχισεν τὴν βάσιν τοῦ ποδὸς αὐτοῦ, καὶ αὐτίκα ὀλιγοθύμησεν μικρὸν ἀπέθανεν.²⁹ Θορύβου δὲ γενομένου καὶ συνδρομῆς, ἔδραμεν καὶ τὸ παιδίον Ἰησοῦς. καὶ βιασάμενος διῆλθεν τὸν ὥχλον, καὶ ἐκράτησεν τοῦ νεανίσκου τὸν πεπληγότα πόδα, καὶ εὐθέως ἵσθη. εἶπε δὲ τῷ νεανίσκῳ ἀνάστα νῦν, σχίζε τα ξύλα καὶ μνημόνευε μου. ὃ δὲ ὥχλος ἴδων τὸ γεγονὸς προσεκύνησαν τὸ παιδίον, λέγοντες ἀληθῶς ταχα ὅ Θεὸς ἐνοικεῖ ἐν αὐτῷ.

“Na 'n paar dae het 'n byl, toe 'n sekere jonkman hout in die omgewing gekap het, geval en dit het sy voetsool oopgekloof. En deurdat hy geweldig baie

2 Θορύβου γεναμένου ἔδραμεν ὁ Ἰησοῦς καὶ βιασάμενος διῆλθεν διὰ τοῦ ὄχλου καὶ κρατήσας τὸν πόδα τὸν πεπληγότα καὶ εὐθέως ἴάθη. καὶ εἶπεν τῷ νεανίσκῳ· Ὕπαγε, σχίζε τὰξ ξύλα σου.

Toe 'n kommosie ontstaan het, het Jesus [soontoe] gehardloop en nadat hy sy pad deur die skare gebaan het, het hy die verwonde voet vasgegryp en dit was dadelik genees. En hy het vir die jonkman gesê: “Gaan, kap jou hout.”

3 Ἰδόντες δὲ οἱ ὄχλοι ἐθαύμασαν καὶ εἶπαν· πολλὰς γὰρ ψυχὰς ἔσωσεν ἐκ θανάτου καὶ ἔχει σῶσαι πάσας τὰς ἡμέρας τῆς ζωῆς αὐτοῦ.

Die skare wat [dit] gesien het, was verbaas en het gesê: “Iimmers, hy het baie siele van die dood gered en hy het die vermoë om al die dae van sy lewe [mense] te red.”

Hoofstuk 17

XVII. 1 "Ον[τος] δ[ε] τοῦ Ἰησοῦ δωδε[καετοῦ] ἐπορεύοντο [οἱ] γονεῖς αὐτοῦ κατὰ τὸ ἔθος εἰς Ἱεροσόλυμα εἰς τὴν ἑορτὴν τοῦ πάσχα. ἐν δὲ τῷ ἐπιστρέφειν αὐτοὺς ἀπέμεινεν Ἰησοῦς εἰς Ἱερουσαλήμ. καὶ οὐκ ἔγνωσαν οἱ γονεῖς αὐτοῦ νομίσαντες εἶναι αὐτὸν ἐν τῇ συνοδίᾳ.

En toe Jesus twaalf jaar oud was,²⁹ het sy ouers volgens gebruik na Jerusalem geaan met die oog op die Paasfees. Op hulle terugkeer het Jesus in Jerusalem

gebloei het, het hy gesterf. Nadat 'n geruis en toeloop ontstaan het, het ook die kindjie Jesus daarheen gehardloop. En hy het met geweld deur die skare gebaan en het die verwonde voet van die jonkman styf vasgehou en dadelik is dit genees. Hy het vir die jonkman gesê: 'Staan nou op, kap hout en dink aan my.' Die skare wat die gebeurtenis gesien het, het die kindjie aanbid en gesê: 'Waarlik, God woon in hierdie kindjie.'"

²⁹ Die *KindEvTom* sluit hier direk aan by die kindheidspassasie in Lukas 2:41-52. Die variasies in die vertalings en in die ander Griekse manuskripte is gering en ook sonder betekenis vir die vraag na die tyd, plek en doel van skrywe van die weergawe in *Kodeks Sinaiitikus* (Gr 532).

agtergebly. Maar sy ouers het nie [dit] geweet nie, want hulle het gedink dat hy op die weg saam is.

2 Ἡλθαν ἡμέρας ὁδὸν καὶ ἐζήτουν αὐτὸν ἐν τοῖς συγγενεῦσιν καὶ ἐν τοῖς γνωστοῖς αὐτῶν, καὶ μὴ εύροντες αὐτὸν ὑπέστρεψαν εἰς Ἱερουσαλὴμ ζητοῦντες αὐτόν. καὶ μετὰ ἡμέρας τρεῖς εὗρον αὐτὸν ἐν τῷ Ἱερῷ καθήμενον ἐν μέσῳ τῶν διδασκάλων καὶ ἀκούοντα αὐτῶν καὶ ἐπερωτῶντα αὐτούς. ἐξίσταντο δὲ οἱ ἀκούοντες αὐτοῦ πῶς ἀπεστομάτιζεν τοὺς πρεσβυτέρους καὶ ἐπιλύων τὰ κεφάλαια τοῦ νόμου καὶ τῶν προφητῶν τὰ σκολιὰ καὶ τὰς παραβολάς.

Hulle het dagreis afgelê en hom gesoek onder die familielede en hulle kennisse. En toe hulle hom nie gevind het nie, het hulle na Jerusalem teruggekeer om hom te soek. En na drie dae het hulle hom in die Tempel gevind, sittende in die midde van leermeesters, luisterende na hulle en besig om hulle vrae te vra. En die wat hom gehoor het, was in ekstase oor hoe hy die oudstes geleer het en die hoofpunkte van die wet en die raaisels en gelykenisse van die profete uitgelê het.

3 Καὶ εἶπεν πρὸς αὐτὸν ἡ μῆτηρ αὐτοῦ· τέκνον, τί ἐποίησας ἡμῖν; Ἰδοὺ ὄδυνώμενοι λυπούμενοι ἐζητοῦμεν σε. καὶ εἶπεν αὐτοῖς ὁ Ἰησοῦς· ἵνα τί ἐζητεῖτε με; οὐκ οἴδατε ὅτι ἐν τοῖς τοῦ πατρός μου δεῖ εἶναι με;

En sy moeder het vir hom gesê: “Kind, waarom doen jy dit aan ons? Kyk, met kommer en hartseer het ons jou gesoek.” En Jesus het vir hulle gesê: “Waarom soek julle my? Weet julle nie dat ek in [die plek] van my Vader moet wees nie?”

4 Οἱ δὲ γραμματεῖς καὶ οἱ φαρισαῖοι εἶπαν τῇ Μαρίᾳ· σὺ εἶ ἡ μῆτηρ τοῦ παιδίου τούτου; ἡ δὲ εἶπεν· ἐγώ εἰμι. εἶπαν δὲ πρὸς αὐτήν· μακαρία εἶ σύ, ὅτι ηὐλόγησεν κύριος ὁ Θεὸς τὸν καρπὸν τῆς κοιλίας σου. τοιαύτην γὰρ σοφίαν ἔνεστώς καὶ δόξαν ἀρετῆς οὐδὲ οἴδαμεν οὔτε ἡκουόσαμεν ποτε.

En die skrifgeleerde en die Fariseërs het vir Maria gesê: Is jy hierdie kindjie se Ma?” Sy het geantwoord: “Ek is.” Hulle sê vir haar: “Gelukkig is jy, want die

Here God het die vrug van jou moederskoot geseen. Immers, [God] het so 'n wysheid en heerlike waarde gevestig wat ons nog geken nog ooit gehoor het."

5 Ἀναστὰς δὲ ἐκεῖθεν ὁ Ἰησοῦς ἡκολούθησεν τῇ μητρὶ αὐτοῦ, καὶ ἦν ὑποτασσόμενος τοῖς γονεῦσιν αὐτοῦ. καὶ διετήρει πάντα τὰ ῥῆματα ταῦτα συμβαλοῦσα ἐν τῇ καρδίᾳ αὐτῆς. καὶ ὁ Ἰησοῦς προέκοπτεν σοφία καὶ ἡλικία καὶ χάριτι παρὰ Θεῷ καὶ ἀνθρώποις. Ὡς ἡ δόξα[ξα]

En Jesus, wat vandaar opgestaan het, het sy moeder gevolg en was aan sy ouers onderdanig. En sy het al hierdie woorde wat sy in haar hart bedink het, bewaar. En Jesus het gegroei in wysheid en ouderdom en guns by God en by die mense – aan [God] die eer